**Les 9 God vergewe ons net deur die evangelie sonder die wet.**

Hoe vergeef God ons sondes? Dit is die vraag waarby ons nou gaan stilstaan. Hoe vergeef God my sondes en wat moet ek doen om deur God vergewe te word.

**1. Vergifnis is vryspraak of regverdigmaking.**
Kom ons kyk na hoe Paulus dit verkondig in die boek Romeine! "[16] Ek skaam my nie oor die evangelie nie, want dit is 'n krag van God tot redding van elkeen wat glo, in die eerste plek die Jood, maar ook die nie-Jood. [17] In die evangelie kom juis tot openbaring dat God mense van hulle sonde vryspreek enkel en alleen omdat hulle glo. Dit is soos daar geskrywe staan: "Elkeen wat deur God vrygespreek is omdat hy glo, sal lewe." (1983 Vertaling)

Vergifnis word in hierdie vertaling van die Bybel "vryspraak" genoem. Die Griekse woord beteken in Afrikaans "om reg gemaak te word." Daarom word hierdie sin in die Nuwe Afrikaanse Vertaling (NAV) soos volg vertaal: "[17] Want daarin word geopenbaar dat god se geregtigheid geheel en al op geloof berus, soos daar geskryf staan: "Wie op grond van die geloof geregverdig word, sal lewe."

Die Here se vergifnis beteken Hy spreek ons vry van al ons sonde straf en oordeel. Hy spreek ons vry van al ons sondes skuld. Wanneer God jou vryspreek is jy vergewe. Jy kan tog nie vrygespreek wees en nog skuldig wees nie.

Net so, die Here se vergifnis is dat Hy jou reg maak en reg laat wees volgens sy wet. Dis is wat God se geregtigheid beteken. Hy maak en laat jou en jou lewe volgens God se wet reg wees. Vergifnis beteken god maak jou en jou lewe reg.

2. **Vergifnis deur enkel en alleen te glo in die evangelie.**
Paulus wys dat die evangelie is die krag van God tot redding van elkeen wat glo. Ons het nou al gesien wat is die evangelie. Die evangelie is alles wie Jesus is, Hy is die Seun van God die Vader, Christus en Here. Die evangelie is alles wat Jesus vir ons doen: Hy word vir ons gebore, ly vir ons, word vir ons gekruisig, sterf vir ons en staan vir ons uit die dood op. Dit is alles wat Jesus vir ons gee: om deel van sy kerk te wees, om vergee te wees, om weer eendag uit die dood op te staan soos Hy en die Ewige Lewe.

Waardeur word ons gere dit is vergewe?

Volgens hierdie verse is dit deur die evangelie. Die evangelie is die krag tot redding. Die evangelie is die krag waardeur God ons vergewe.

Wat moet ons doen om deel te wees van hierdie vergifnis wat die Here vir ons gee?

Hierdie vers stel dit só: enkel en alleen deur te glo in die evangelie!

Enkel en alleen glo, beteken net glo en niks anders nie. Om vergewe te word en die vergifnis van die Here te ontvang, moet jy enkel en alleen, net glo, niks anders nie.

Paulus kan dit nie sterker beklemtoon as wat hy dit in hierdie sin doen nie. Hy sê nie om vergewe te word moet jy glo nie. Hy sê jy moet enkel en alleen glo. Dit wil sê hy sê nie jy moet nét glo nie. Dan sou hy dit so gestel het. Hy stel dit nog baie sterker as om nè te glo. Hy sê enkel en alleen, net een ding en net een ding alleen, sonder enige ander ding as net glo.

Dit is soos om voor 'n wit muur te staan en vir iemand te sê: "Hierdie muur is enkel en alleen wit." Dit beteken hy is geen ander kleur nie. Hy is net wit.

So wanneer iemand sê "enkel en alleen" kan jy nie vra of dink watter ander een nog nie. Dit is net glo, niks anders nie.

2. **Die Here vergewe ons nie deur die wet nie**.
Die volgende sin in die boek Romeine oor vergifnis wat belangrik is, is Romeine 3 verse 21 en 22: "" 21 Maar nou het die vryspraak deur God waarvan die wet en die profete getuig, in werking getree. Dit is die vryspraak wat nie verkry word deur die wet te onderhou nie, 22 maar deur in Jesus Christus te glo. God gee dit sonder onderskeid aan almal wat glo."

Kom ons lees weer die volgende sinne: Dit is die vryspraak wat nie verkry word deur die wet te onderhou nie, 22 maar deur in Jesus Christus te glo. God gee dit sonder onderskeid aan almal wat glo."

Hier wys hy ons weer hoe hierdie vergifnis verkry word. Ons verkry hierdie vergifnis nie deur die wet te onderhou nie, maar deur in Jesus Christus te glo.

Nou moet ons onsself die volgende vrae kan afvra waarmee ons begin het:

- Moet ons vir die Here wys ons is jammer oor ons sonde om vergee te kan word?
- Moet ons die Here liefhê om vergewe te kan word?
- Moet ons ons hart en lewe aan die Here gee, om vergewe te word?
- Moet ons ons van ons sondes bekeer om vergewe te word?
- Moet ons anders wil lewe om deur die Here vergewe te word?
- Moet ons ons lewe aan die Here oorgee om vergewe te word?
- Moet ons die Here die Here koning van ons lewe maak om vergewe te word?
- Moet ons bid om vergewe te word?
- Moet ons eers God in ons lewe en hart innooi om vergewe te word?

Kyk weer wat sê Paulus: moet ons die wet van die Here onderhou om vergewe te word of word ons vergewe terwyl ons glad nie die wet onderhou nie?

Hy stel dit sonder enige onduidelikheid só: "Dit is die vryspraak wat nie verkry word deur die wet te onderhou nie, 22 maar deur in Jesus Christus te glo. God gee dit sonder onderskeid aan almal wat glo. "

Hierdie vergifnis wat die Here deur die evangelie gee, kry jy nie deur wetsonderhouding nie. Dit beteken mos jy kry dit sonder dat jy die wet onderhou. Sonder wetsonderhouding beteken jy kry hierdie vergifnis sonder dat jy enige iets doen wat die wet sê jy moet doen. Dit beteken sonder dat jy hierdie vergifnis ontvang sonder dat jy die Here lief het. Ons hoef glad nie die wet te onderhou om vergewe te word nie.

Jy kry hierdie vergifnis sonde enige liefde wat jy vir die Here het.

Daarom kry jy hierdie vergifnis sonder dat jy al hierdie dinge doen wat die Here se wet vir jou wys om te doen:

- sonder om vir die Here te wys jy is jammer oor jou sonde.
- sonder dat jy die Here lief het.
- sonder dat jy jou hart en lewe vir die Here gee.
- sonder dat jy jou van jou sondes bekeer.
- sonder dat jy anders lewe.
- sonder om jou lewe aan die Here oor te gee.
- sonder om die Here koning van jou lewe te maak.
- sonder jou gebede.
- sonder dat jy God in jou lewe of hart innooi.

Dit is wat hierdie sin in die Bybel beteken: “Dit is die vryspraak wat nie verkry word deur die wet te onderhou nie, [22] maar deur in Jesus Christus te glo. God gee dit sonder onderskeid aan almal wat glo.”, die Here vergeef ons net omdat ons die evangelie glo, sonder dat ons enige iets doen om die Here se liefdesgebod te onderhou.

Dit is tog wat Paulus aan die begin oor vergifnis in hoofstuk 1 beklemtoon het: ons word vergewe enkel en alleen deur geloof in die evangelie. Enkele en alleen deur geloof beteken net deur geloof sonder enige iets wat die Here se liefdesgebod ons in die Tien Gebooie wys wat om vir die Here te doen.

3. **Wat het die Here Jesus Christus met die Tien Gebooie gedoen as ŉ manier om vergifnis te ontvang**?

Kyk hoe beskryf Paulus dit in Romeine 10: “"Christus is tog die einde van die wet, sodat elkeen wat glo, vrygespreek kan word."

Christus is die einde van die wet. Hierdie wet is die Tien Gebooie wat saamgevat word in die liefdesgebod: jy moet god met jou hele hart, siel, verstand en al jou kragte lief hê en jou naaste soos jou self.” Wat het Christus self met hierdie gebod gedoen as ŉ manier om vergifnis te ontvang?

Ons moet baie goed hier sien dat dit nie ons is wat die doen nie. Dit is nie ons wat aan die Here se wet ŉ einde maak nie. Dit is die Here Jesus self wat aan die wet van die Here ŉ einde maak.

Om ŉ einde aan die wet te maak beteken om dit af te skaf. Om dit so af te skaf dat dit nie meer werk of tel nie. Dit is wat Jesus Christus deur die

evangelie doen. Hy van die wet heeltemal weg en skaf dit heeltemal af as die manier waarop Hy sonde vergewe.

Die enigste manier waarop die Here Jesus Christus ons sondes vergewe is deur die evangelie sonder die wet, deur geloof sonder liefde.

**4. Kom ons kyk weer hoe het ons onsself vooraf getoets!**

Toe ons met hierdie kursus begin het, het ons ons eie mening getoets oor hoe ons vergewe word, kinders van die Here word en hemel toe gaan.

Die toets lys het so gelyk!

Wat moet ons doen moet ons doen sodat God ons sondes vergewe? Wat moet 'n mens doen om 'n kind van God te word? Wat moet 'n mens doen om seker te wees jy gaan Hemel toe?

a. Jy moet om vergifnis vra.
b. Jy moet sê dat jy jammer is.
c. Jy moet berou hê oor jou sonde.
d. Jy moet glo dat jy vergewe word.
e. Jy moet die Evangelie glo.
f. Jy moet beloof om dit nie weer te doen nie
g. Jy moet probeer om dit nie weer te doen nie
h. Jy moet volgens die Here se wil leef.
i. Jy moet volgens die Tien gebooie leef.
j. Jy moet probeer om die Here lief te hê
k. Jy moet die Here lief hê.
l. Jy moet Jesus in jou lewe innooi.
m. Jy moet God in jou lewe innooi.
n. Jy moet jou hart vir die Here gee.
o. Jy moet God aanneem.
p. Jy moet Jesus aanneem.
q. Jy moet die beheer van jou lewe vir Jesus gee.
r. Jy moet gereeld bid.
s. Jy moet anders lewe.
t. Jy moet glo Jesus het vir jou sondes gesterf.
u. Enige iets anders wat jy nog dink nodig is in jou eie woorde of volgens jou eie gevoel?

Al hierdie antwoorde is verkeerd behalwe e en t. Jy kan glad nie die Here se liefde ontvang met of deur enige van hierdie dade nie. Want dit is alles dade waarmee jy die wet onderhou. Dit is wetsonderhouding. God het hierdie dade afgeskaf as 'n manier waarop jy God se liefde ontvang – deur die evangelie. Jy ontvang sy liefde en glo daarin Jy ontvang niks wat God gee deur jou liefde of gehoorsaamheid aan Hom nie.